



CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS  
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS



“Gaan uit, die hele wêreld in,  
en verkondig die evangelie  
aan die hele mensdom.

Markus 16:15

### Beste Voorsitter van die Kerkraad

Vanjaar vier Christelike Lektuurfonds ons 62ste jaar van bediening. Bediening aan gemeentes en individue oor ons hele land wat vennote van ons droom geword het - om die Woord van God na mense te neem - in hulle eie taal. Letterlik miljoene lewensveranderende pamflette is sedert 1957 versprei! Die oorspronklike fokus van suiwer evangelisasiemateriaal, is ook uitgebrei na lektuur wat sosiale kwessies aanspreek en om geestelike waardes by mense te vestig.

Duisende verhale vertel van mense wie se lewe aangeraak is: Hulle wat tot geloof in die Here gekom het; mense wat weer hoop gekry het na die lees van 'n pamflet wat op die mees onverwagte plek oor hul pad gekom het; mense wat hulp gevind het op hulle probleme - hetsy sosiaal of geloofskwessies. Kinders wat hulp kry omdat hulle hulp in die hand het op probleme wat vandag in ons skole seëvier.

Maar benewens die pamfletbediening het CLF ook reeds met die hulp van getroue mede-gelowiges, ons vennote, net duskant 98 000 Kinderbybels in sewe verskillende tale versprei.

Julle gemeente word genooi om vennote van ons bediening te wees. Christelike Lektuurfonds wil graag tot hulp wees in julle dienswerk. Daarom is gratis, Bybelgefundeerde pamflette beskikbaar in 19 tale. Reik uit na ander met 'n boodskap van hoop, wat die behoefte ook al is: Evangelisasie, geloofsgroei, gemeentetoerusting, maatskaplike vraagstukke of pamflette vir kinders. Die jongste temas wat aangeraak word handel oor **ekologie**, **geestesgesondheid** en **selfwaarde by kinders** om die voorkoms van selfdood onder jong kinders op dié manier aan te spreek.

Christelike Lektuurfonds vra ook vriendelik vir julle voortgesette ondersteuning. Soos gemeentes en kerke oor ons hele land dit 62 jaar gelede gedoen het.

Ons vra die Kerkraad om 'n Sondag in 2020 vas te stel waarop 'n deuroffer of spesiale insameling in julle gemeente gehou kan word. Laat weet ons asb op watter datum in

2020 dit DV sal wees. Indien u gemeente positief reageer op die versoek, sal 'n kopie van ons jongste publikasie, **Brûe vir gemeentes op pad na God se toekoms – 'n Gidsboek vir die Brugbediening, saamgestel deur Anton Doyer en Howard du Toit (Red)** aan u gestuur word. (Daar is egter slegs 'n beperkte aantal van hierdie publikasie beskikbaar waarna ons 'n ander geskenkboek aan gemeentes sal stuur wat positief reageer). Ons sal dan meer inligting vir gebruik op daardie dag, aanstuur.

Vriendelike groete

Charmaine Stoffberg  
BEDRYFSBESTUURDER

NS: Laai gerus CLF se jongste PowerPoint aanbieding [hier](#) af. Klik op "Equipment for congregations" en die 2019 PowerPoint sal heel bo wees om af te laai. Dit is veral geskik om voor die erediens aan gemeentede gewys te word. Dit verskaf nie net meer inligting oor CLF nie, maar ook hoe mense betrokke kan raak.

[Klik hier vir die Deurkollekte vorm](#)